Publication: Rapport (KZN), Beleef
Date: Sunday, July 04, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Spaar en bekostig só dinge wat jy andersins nie kan nie

# Leer die kinders van geld



“Skuld is vir my een van die grootste geldsondes. Jy gee geld uit wat jy nie het nie en jy moet dit terugbetaal met rente uit dieselfde pot geld waarmee jy reeds nie kon uitkom nie.

‘As ek toe geweet het (van geldsake) wat ek vandag weet, sou ek…” Ek wonder vir hoeveel lesers klink dit, of woorde van soortgelyke betekenis, bekend.

Daarom my keuse van onderwerp vandag. Wat leer ons ons kinders? Of moet hulle ’n soortgelyke paadjie loop? Die een met die stywe leerkurwe daar in die middeljare. Die een wat mens jare later laat sê, “as ek toe geweet het…”

Die jammerte is dat kinders op skool alles geleer word, behalwe hoe om verantwoordelik met geld te werk. Dit leer hulle, of moet hulle by hul ouers leer. Of nie.

My gedagtes hieroor is op loop gesit vandeesweek toe ek op ’n modefotograaf se blog lees oor haar loopbaanpad, onder meer oor haar verhouding met geld. Dit het begin toe sy maar vier jaar oud was. Wat sy onthou, skryf sy, is hoe haar pa en ma knaend baklei het. Oor geld. Of liewer, die gebrek daaraan.

Ek kry kinders jammer wat in sulke huise moet grootword. Maar wat my aangegryp het, was dat ons modefotograaf op agtjarige ouderdom reeds die insig gehad het om te besef hoe belangrik finansiële onafhanklikheid is. Dit is toe dat sy begin werkies doen het vir betaling. En begin spaar het.

Die res is haar storie. My storie gaan oor hoe ons ons kinders kan leer om eendag finansieel onafhanklik te wees.

Gereelde lesers sal weet hoe sterk ek voel oor finansiële onafhanklikheid. Ek verwys gereeld hierna. Dit is veral ’n teer punt vir my as ek skryf oor vroue en finansies. Te veel vroue, na my mening, is meer aan hul mans gekoppel deur finansiële afhanklikheid as die liefde wat hulle voor die kansel laat beland het.

Ek hoor te veel kere dat so en so leef soos kat en hond, maar sy kan nie van hom skei nie, want waar gaan sy bly, sy het niks. Wie wil so leef? Meer nog, hoe maak jy jou kinders bestand daarteen?

## Stel die voorbeeld

Hoekom sal ouers oor geld baklei? Dit kan mos net wees omdat die een geld uitgee, wat die ander glo onnodig is, of hoe? Albei dink hulle is reg en albei glo die ander doen verkeerd.

Beplan saam. Begroot vir uitgawes. Pasop vir skuld. Skuld is vir my een van die grootste geldsondes. Jy gee geld uit wat jy nie het nie en jy moet dit terugbetaal met rente uit dieselfde pot geld waarmee jy reeds nie kon uitkom nie.

Kinders moet vroeg leer dat as daar nie geld is vir ’n ding nie, dan wag ons tot daar geld is. Dit leer spaar. Dis nie genoeg om dit vir die kind te vertel as hy of sy iets wil hê nie. Dit is belangrik dat jyself die reël volg. So leer die kind. Deur voorbeeld. Doen soos ek doen, nie soos ek sê nie.

## Kweek ’n werketiek

Niks van waarde in die lewe kom verniet nie, anders as gesondheid en vars lug. En selfs dit ook nie altyd nie. Ek het die grootste deel van my lewe ’n addisionele inkomste gehad. Nie altyd groot nie, maar gewoonlik iets. Dit is lekker. Dit is lonend.

My seuns het van jongs af soggens *Die Burger* by huise afgelewer om ’n sakgeldjie te verdien (ja, baie keer het Ma ingestaan). Dit het hulle gehelp met onafhanklike denke oor geld. Dis ’n kortpad hiervandaan na geld-verantwoordelikheid, want hulle leer hulle kan verdien en hulle leer as jy alles uitgegee het, is daar niks.

Later het hulle as winkelassistente in ’n bergklimwinkel gewerk en nog later op universiteit vir voorgraadse studente deeltyds klas gegee om sakgeld te verdien. Ons is almal knap in iets, iets wat vir ons lekker is. Lei jou kind om dit in hom- of haarself raak te sien en dit ’n lonende tydverdryf te maak.

## Spaar

Dis vir my te oulik as ek hoor hoe my seuns hul eie kinders leer van die verskil tussen goed en geld. Jy kan óf die goed hê óf die geld, nie albei nie. Spaar, dan skep jy rykdom en kan jy dinge bekostig wat jy andersins nie kan nie.

As jy vir jou kind of kleinkind ’n belegging gedoen het, wys hom of haar elke nou en dan hoe sy of haar rykdom toeneem, selfs sonder dat enigeen verder bygedra het. So leer hulle nie net die waarde van geld nie, maar die vermenigvuldigende krag van samestelling. Geld kan vir jou werk, dit hoef nie altyd uitgegee te word nie.

## Geld bring onafhanklikheid

Ons modefotograaf hierbo het uit ’n negatiewe kindererervaring ’n positiewe uitkoms bewerkstellig. Gelukkig het sy die belangrikheid van finansiële onafhanklikheid vroeg raakgesien en werk daarvan gemaak.

Leer jou kind die waarde van geld. Leer hom of haar die waarde van finansiële onafhanklikheid. Dit lei na selfrespek en waardigheid. En wie wil dit nie vir jou kind hê nie?

**■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.